

INLEIDING TOT DIE AFRIKAANSE TAALKUNDE

TWEEDE, HERSIENE UITGAWE

**Hoofredakteur
T.J.R. Botha**

**Mederedakteurs
F.A. Ponelis
J.G.H. Combrink
F.F. Odendal.**

Nederlands-Afrikaans: die Europese agtergrond van Afrikaans

Afrikaans het van die 17de eeu af aan die Kaap uit Nederlands ontwikkel en het voor dié tyd op Europese bodem nie as taal bestaan nie. Die Nederlandse basisvorm van Afrikaans sal met die term NEDERLANDS-AFRIKAANS aangedui word. Die uiteensetting hier onder is gerig op die *genealogiese verband* van Nederlands-Afrikaans, dit wil sê Nederlands-Afrikaans se lidmaatskap van die Indo-Europese en die Germaanse taalfamilies. Hierbenewens sal telkens gewys word op die *kontak* van Nederlands-Afrikaans met nie-Germaanse lekte.

'n *Taalfamilie* is 'n versameling tale wat uit dieselfde grondtaal ontwikkel het; sulke tale staan in genealogiese verband met mekaar. Hierdie tale heet *dogtertale* van die grondtaal en *sustertale* van mekaar:

GEMEENGERMAANS

. . . NEDERLANDS

DUITS

ENGELS

Gemeengermaans is die grondtaal waarvan Nederlands, Duits en Engels die dogtertale is, terwyl Nederlands, Duits en Engels sustertale van mekaar is. Omdat die grondtale van die meeste bekende taalfamilies bekend is alleen uit 'n wetenskaplike rekonstruksie daarvan, word hulle in die literatuur as *prototale* aangedui: 'n prototale is 'n grondtaal wat wetenskaplik afgelei is uit die dogtertale en waarin daar geen tekste voorhande is nie. So word daar gepraat van *Proto-Indo-Europees* (die grondtaal van die Indo-Europese taalfamilie) en *Proto-Germaans* (die grondtaal van die Germaanse taalfamilie). Aangesien daar agter die wetenskaplik gerekonstrueerde prototale tog histories bestaande grondtale moet gelê het, sal hier gewoon van *Indo-Europees* en *Germaans/Gemeengermaans* as grondtale gepraat word.

Daar is baie verskillende taalfamilies, onder andere die volgende: Sino-Tibetaans (waaronder Mandarynse Sjinees), Fins-Oegries, Drawidies (waaronder Tamil), Austronesies (waaronder Maleis) en Niger-Kongo (waaronder Zulu en Sotho).

1 Die Indo-Europese taalfamilie

Die Indo-Europese taalfamilie, waartoe Afrikaans behoort, is om verskillende redes belangrik:

Die tale van hierdie familie is wetenskaplik die beste beskryf.

Die verskillende Indo-Europese taalgemeenskappe is gesamentlik die grootste: oor die duisend miljoen taalgebruikers.

Die sterkste kultuurtale, waaronder die hoof internasionale verkeerstaal, behoort tot die Indo-Europese familie: Engels (dié verkeerstaal in die wêreld van vandag), Latyn, Grieks, Russies, Frans, Spaans en Duits.

Die naam INDO-EUROPEES slaan op die uiteindes van die taalfamilie se verspreidingsgebied in Europa: van Indië tot Europa.

Die oorspronklike Indo-Europese taalgemeenskap was teen ongeveer 4000 v.C. gevestig op die Suid-Russiese steppegebied in die omgewing van die Swartsee (Lehmann 1985: 953). Hiervandaan het hy baie vinnig na Europa, Asië en die Midde-Ooste versprei. Die volgende is die belangrikste Indo-Europese subfamilies (Lehmann 1973: hfst. 2).

Germaans: Vergelyk die bespreking hier onder.

Anatolies: Die Kanaänitiese Hetiete (Hittiete), na wie telkens in die Ou Testament verwys word, het tot hierdie taalgemeenskap behoort. Van die oudste Indo-Europese tekste is in Anatoliese tale. Dié het in die eerste dekade van hierdie eeu eers aan die lig gekom met die opgraving in Bogaz Köy in Turkye. Hierdie data is van die grootste belang vir die beskrywing van die oudste stadium van Indo-Europees.

Indo-Iraans: Hieronder ressorteer die Indiese en Iraanse subgroepe. Hedendaagse Persies, wat in Iran gepraat word, is 'n bekende Iraanse taal.

Die bekendste ou Indiese taal is Sanskrit, wat bekend is veral as die taal van die Rigveda, 'n versameling godsdienstige tekste in versvorm uit ongeveer 1200–1000 v.C. Die Rigveda is taalkundig van groot belang aangesien die taalvorm daarvan so oud is, maar ook aangesien dit aanleiding gegee het tot die heel vroegste beskrywingswerk, die beroemde grammatika van die Indiese taalkundige Panini (waarskynlik uit die vierde eeu v.C.). Die Indiese dogtertaal Hindi is vandag een van die amptelike tale van Indië.

Grieks: Die oudste Griekse tekste is die Mukeense kleitablette uit ongeveer 1500 v.C. en later. Dié is 'n aantal dekades gelede eers ontsyfer. Die omvangrykste Griekse geskrifte, soos die Ilias en die Odusseia, is van 'n hele aantal eeue later (waarskynlik 800 v.C.) en in 'n ander dialek, naamlik Atties (die Grieks van Athene).

Hoewel Grieks en Latyn so dikwels onder die noemer “klassieke tale” verenig word, is hulle nie nader verwant aan mekaar as aan van die ander dogtertale (soos Kelties en Germaans) nie.

Italies: Latyn, die grondtaal van die Romaanse tale (Frans, Italiaans, Spaans, Portugees en Katalaans) is die bekendste taal in die Italiaanse subfamilie.

Kelties: Die Kelte was in die eerste millennium voor Christus ’n magtige en wyd verspreide groep. Hulle was toe die veel meer ontwikkelde suidelike bure van die Germane in Europa, versprei oor ’n geweldige gebied, van Brittanje af in die weste in ’n breë gordel oor sentrale Europa, met ’n uitloper in Klein Asië, naamlik die Galate van die Nuwe Testament. Vandag het daar van die eertydse mag en glorie van die Kelte nie veel oorgebly nie: net Iers, Wallies en Bretons is vandag lewende Keltiese tale, en hulle lewensduur is waarskynlik nie lank meer verseker nie.

2 Gemeengermaans en die Germaanse tale

2.1 Die kenmerke van Gemeengermaans

(a) Gemeengermaans is in die eerste plek ’n Indo-Europese taal, met die woordstruktuur wat tipies is vir hierdie tale, soos wat ook kenmerkend is vir Latyn en Grieks. Werkwoorde, substantiewe en adjektiewe bestaan uit ’n wortel, ’n stamelement en ’n uitgang, soos in die tabel uiteengesit.

Wortel	Stamelement	Uitgang	
*beud-	-a-	-n	*beudan Ndl. bieden
*greip-	-a-	-n	*greipan Ndl. grijpen
*tam-	-ja-	-n	*tamjan Ndl. temmen
*sag-	-ja-	-n	*sagjan Ndl. zeggen
*salb-	-oo-	-n	*salboon Ndl. zalven
*mak-	-oo-	-n	*makoon Ndl. maken
*stain-	-a-	-z	*stainaz Ndl. steen
*berg-	-a-	-z	*bergaz berg
*barn-	-a-	-m	*barnam kind
*thorp-	-a-	-m	*thorpam dorp
*nat-	-ja-	-m	*natjam net
*gur-	-i-	-z	*guriz geur
*thurst-	-i-	-z	*thurstiz dors
*sun-	-u-	-z	*sunuz seun
*apl-	-u-	-z	*apluz appel
*erth-	-oo-	-n	*erthoon aarde
*hert-	-oo-	-n	*hertoon hart

Wortel	Stamelement	Uitgang	
*arm-	-a-		*arma- arm (adj.)
*blind-	-a-		*blinda- blind
*berht-	-a-		*berhta- blink
*hrain-	-i-		*hraini- rein
*skaun-	-i-		*skauni- mooi
*hard-	-u-		*hardu- hard.

Vergelyk ook nog die volgende protovorme:

- *ek, ik (ek), mik (my), thu (jy), thik (jou) (vwp.), wiiz (ons) (odw.), unsik (ons) (vwp.);
- *after (agter), bi (by), ubar (oor), umbi (om), uut (uit);
- *ainaz (een), twai (twee), thrijiz (drie), fidwor (vier), fimf (vyf), sehs (ses), sibun (sewe), ahtau (agt), negun (nege), tehun (tien), ain-lif (elf), twa-lif (twaalf).

(b) Fonologies word Gemeengermaans duidelik van die ander Indo-Europese tale onderskei deur wat bekend staan as die *Germaanse klankverskuiwing* (of *die wet van Grimm*), ’n verreikende fonologiese verandering wat op die Gemeengermaanse sluitklanke ingewerk het, onder andere op [p t k], wat omgesit is in [f θ h]:

p > f *por- > *far- in Gemeengermaans *faran* (reis)

In Latyn *portare* verskyn die Indo-Europese wortel *por-. (Indo-Europees *o word Gemeengermaans *a.)

- t > th [θ] *tu > *thu (jy) (Eng. *thou*)
- *trejz > thrijiz (Eng. *three*)
- k > h *leuk- > *leuh- (helder) (Afr. *lig*)
- *kert- > *hert- (hart) (Duits *Herz*).

Vergelyk ook die volgende data:

- *klep- > *hlif-; Gemeengm. *hlifan (steel); vgl. die Latynse leenwoord KLEPtomaan;
- *nepoot- > *nefoth- (bloedverwant), Afr. *neef*; vgl. die Latynse leenwoord NEPOTisme.
- *peku- > *fehu- (vec); vgl. Lat. *pecunia*.

(c) Die *ablautstelsel* is in Gemeengermaans meer sistematies uitgebou as in ander Indo-Europese tale. Dit het tot een van die belangrikste morfologiese middele in Gemeengermaans ontwikkel en is dwarsdeur die leksikon aangewend, onder andere in die werkwoord- en die naamwoordstelsel.

Ablaut kom voor in die vervoeging van die Nederlandse sterk werkwoorde:

grijpen	greep	gegrepen
bieden	bood	geboden
helpen	hielp	geholpen
stelen	stal	gestolen
eten	at	gegeten
laten	liet	gelaten.

Hiervan het in Afrikaans ablatende adjektiewiese afleidings soos die volgende oorgebly:

aanbied: aangebode hulp; bind: gebonde; help: geholpe; kies: gekose komitee, uitverkore volk; steel: gestole goedere; vind: nuutgevonde geluk; werp: verworpe mense.

Die volgende naamwoorde is met behulp van ablaout afgelei: drif (dryf), greep (gryp), skrif (skryf), spleet (splyt); geut (giet), keur (kies); aanbod (aanbied), bedrog (bedrieg), boog (buig); band (bind), drank (drink), kramp (krimp), sang (sing); inbraak (inbreek), spraak (spreek), wraak (wreek); gawe (gee), mate (meet); daad (doen), groef (grawe).

OEFENING

Die volgende voorbeelde verteenwoordig ses verskillende ablaoutsklasse in Gemeengermaans:

I	II	III	IV
1. reidan	raid	ridum	ridana
'rijden	reed	reden	gereden'
beitan	bait	bitum	bitana
'bijten	beet	beten	gebeten'
2. beugan	baug	bugum	bugana
spreutan	spraut	sprutum	sprutana
3. helpan	halp	hlpum	hlpana
werpan	warp	wrpum	wrpana
4. beran	bar	baarum	burana
sprekan	sprak	spraakum	sprukana
5. etan	at	aatum	etana
geban	gab	gaabum	gebana
6. faran	foor	foorum	farana.

- (i) Op grond waarvan word die ses klasse van mekaar onderskei?
(ii) Die ses klasse kan op grond van gemeenskaplike kenmerke in verskillende meer omvattende klasse verenig word. Verduidelik.

(d) Die werkwoorde van Germaans word in net twee groot klasse verdeel: sg. sterk en swak. Dit is anders as in die ander Indo-Europese tale, soos Latyn en Grieks, waar meer klasse onderskei word wat op 'n ander wyse gestruktureer is. Die sterk werkwoorde vertoon ablaout (vgl. onmiddellik hier bo) en die swak werkwoorde vorm o.a. die imperfektum (verlede tyd) met 'n suffiks (Ndl. *-te/-de*):

roken	rookte	dansen	danste
leren	leerde	malen	maalde.

(e) Die plasing van klouselemente kan in Gemeengermaans redelik vry wees (soos in Indo-Europees – vgl. Latyn), sodat die volgende sinne variante van mekaar kan wees, met die betekenis: Hy sien hom:

Hy sien hom.
Sien hy hom.
Hom hy sien.
Hy hom sien.

Hierdie redelik vrye plasing hang saam met die hoogs flekterende aard van die Indo-Europese grondtale. Maar in Gemeengermaans en van sy Indo-Europese sustertale was daar aan die ander kant 'n redelike sterk neiging om die werkwoord na gelang van bepaalde omstandighede of laaste of eerste in die sin te plaas:

Hy hom sien.
Sien hy hom.

'n Tipe werkwoordplasing waardeur Gemeengermaans van die ander Indo-Europese tale onderskei word, is die V2-beginsel (vgl. 1.4.2.2); dus die plasing van die spilwerkwoord in die tweede posisie in sinne soos die volgende:

Hy sien hom.
Vandag sien hy hom.

2.2 Bronne van gegewens oor Gemeengermaans

Daar is geen direkte getuienis vir Gemeengermaans in die vorm van tekste wat in die Germaanse grondtaal geskryf is nie, vandaar dan dat algemeen gepraat word van Proto-Germaans, ofte wel wetenskaplik gerekonstrueerde Germaans.

Die aanduidings is dat Germaans rondom 500 v.C. gepraat is in Suid-Skandinawië en in Noord-Duitsland tussen die Elbe en die Oder, waarvandaan die taal in die daaropvolgende eeue suidwaarts versprei het.

Gegewens oor Gemeengermaans word uit die volgende bronne geput:

2.2.1 TEKSTUELE GETUIENIS

2.2.1.1 *Rune-inskripsies*

Hierdie inskripsies (rune = geheimenis) verskyn op 'n verskeidenheid van voorwerpe (wapens, grafstene, kunsvoorwerpe) wat in verskeie dele van Noord-Europa, maar veral in Skandinawië aangetref is. Baie van die inskripsies is in 'n heel ou, Skandinawies (noordelik) getinte Germaans, en hulle dateer uit die jare sedert 200 n.C. (Antonsen 1975; Krause 1971; Von Friesen 1918). Van die bekendste voorbeelde is die volgende:

Ek irilaR. hroRar hroRer orte that arina ut alaifu.

“Ek, die runemeester. Hrör, seun van Hrör, het hierdie steenvlak vir Olaf uitgewerk” (By, Noorweë, ca. 550).

hathuwolAfa sate stAba thria.

“Hathuwolf het (die) drie stawe neergesit” (Gunmarth, Swede, ca. 600).

ek hagustadaR hlaiwido magu minino.

“Ek, Hagusta(l)d, het my bloedverwant begrawe” (Kjølevik, Noorweë, ca. 450).

ek hlewagastiz holtijaz horna tawido.

“Ek, Hlewagast, seun van Holt, het (hierdie) horing gemaak” (Gallehus, Denemarke, ca. 400).

2.2.1.2 *Tekste in die ouer Germaanse tale*

Die rune-inskripsies is almal kort, en uiters selde langer as 'n enkele sin. Die oudste versameling lang tekste in Germaans is die Gotiese Bybelvertaling uit die vierde eeu. Van ongeveer 700 n.C. is 'n hele verskeidenheid tekste oorlewer in wat bekend staan as Ou Germaanse tale (Ou Engels, Ou Hoogduits, Ou Noors, Ou Saksies en Ou Fries). Hiervan is die oorlewering in Ou Engels die omvattendste. In De Villiers (1978) word 'n aantal insiggewende voorbeelde van vroeë Germaanse tekste gegee. Die Ou Nederlandse oorlewering is bitter skraal (4.3).

2.2.2 LEENWOORDE

Germaanse ontlenings in ander tale gee ook 'n beeld van die ouer toestand. Baie Germaanse plek-, persoons- en stamname kom (in aangepaste vorm natuurlik) by Latynse skrywers (soos Tacitus) voor. In die vroegste eeue van ons jaartelling was daar aansienlik kontak tussen Fins en sekere Germaanse dialekte (Bach 1970: 76, Karsten 1928: 124 e.v., Kluge 1925: 150 e.v.) waardeur Germaanse items soos die volgende in Fins oorgegaan het:

kuningas (koning) < **kuningaz*, *leipa* (brood) < **hlaiba-*, *kulta* (goud) < **gulda-*, *rengas* (ring) < **hrengaz*, *rauma* (stroom) < **strauma-*, *keihäs* (spies) < **gaizaz*, *lammas* (skaap) < **lambaz*.

2.2.3 DIE INDO-EUROPESE AGTERGROND

Gemeengermaans is 'n Indo-Europese dogtertaal, en dus verwant aan die volgende tale en taalgroepe: Latyn (waaruit die Romaanse tale – Frans, Italiaans, Spaans, Portugees – voortgekom het), die Slawiese tale (waaronder Russies, Pools, Tsjeggies), die Baltiese tale (waaronder Litous), Grieks, Kelties (Iers, Bretons, Wallies), die Indiese tale (Sanskrit, Hindi), die Iraanse tale (waaronder Parsi, d.w.s. Persies) en Armeens. Uitgestorwe Indo-Europese tale en taalgroepe is onder andere Anatolies, Illuries en Togaars (vgl. afd. 1).

Deur die gegewens in 2.2.1 en 2.2.2 met die Indo-Europese verwantskappe van Germaans te kruiskorreleer, kan 'n goeie beeld van die Germaanse grondtaal opgebou word. Die tekstuele oorlewering van sommige van die ander Indo-Europese tale is veel ouer as dié van die Germaanse tale; vgl. bv. Sanskrit, Latyn en Grieks, waarvan die skriftelike getuienis uit die eeue voor die geboorte van Christus oorlewer is.

2.3 Die indeling van die Germaanse tale

2.3.1 DIE BASIESE DRIEDELING

Oor die indeling van die Germaanse tale het daar al 'n magdom publikasies verskyn (vgl. o.a. Bach 1970, De Villiers 1978, Kufner 1972, Markey 1976, Raidt 1976), en dit is 'n tema waaroor langdurig gepolemiseer is. Die indeling wat hier aanvaar sal word, is dié tussen Noord-Germaans, Wes-Germaans en Oos-Germaans.

Die Oos-Germaanse tale het uitgesterf, en die enigste opgetekende Oos-Germaanse taal is Goties, die Germaanse taal waarin die biskop Wulfila (Wolfie) in die middel van die vierde eeu na Christus die Bybel vertaal het. Die Gote se taal het vanuit die huidige Roemenië oor Wes-Europa (Italië en Spanje) verbrei tot in Noord-Afrika, maar na hulle onderwerping deur die volke wat hulle omring het, het hulle taal verdwyn.

Die hedendaagse voortsetting van die Noord-Germaanse dialekte is Deens, Sweeds, Noors, Yslands en Faroëes. In Ou Noors het die Germaanse heroïese literatuur die beste behoue gebly.

Die Wes-Germaanse tale omvat Nederlands (waaruit Afrikaans ontwikkel het), Engels, Fries, Duits, Jiddisj en Saksies (waaruit noordelike nie-Standaard-Duits, Nederduits voortgekom het). *Wes-Germaans* is 'n dialektiese groepering, en die Wes-Germaanse tale het nie uit 'n “Wes-Germaanse grondtaal” ontwikkel nie, maar toon wel bepaalde ooreenkomste wat op hulle onderlinge kontak berus.

Leksikale items soos die volgende is spesifiek Wes-Germaans (Bach 1970: 86, De Vries 1971, Franck et al. 1936):

Afrikaans *akkedis*, Nederlands *hagedis*, Duits *Eidechse* is waarskynlik 'n ontlening aan 'n nie-Germaanse taal;

- **athilja-* (edel);
- **gaista-* (gees);
- **gasunda-* (gesond), Eng. *sound*;
- **grauta-* (groot), Eng. *great*, Duits *gross* (Die item hou verband met die woord vir "maal" en het waarskynlik beteken "grof gemaal" – die oorspronklike Germaans vir "groot" is **mikil-*);
- **haringa-* (haring), Eng. *herring*, Duits *Hering*;
- **hertha-* (herd), Ndl. *haard*, Eng. *hearth*;
- **klainia-* (klein), Eng. *clean*;
- **knehtaz* (kneg), Eng. *knight*;
- Afrikaans *kort*, Duits *kurz*, Engels *cut* – 'n Latynse leenwoord: *curtus*;
- **matisahsam* (mes), Duits *Messer* (Eng. *knife* gaan op 'n ander Germaanse wortel terug);
- **skaap-* (skaap), Eng. *sheep*, Fries *skeep*, Duits *Schaf*, Ndl. *schaap*;
- **spilōjan* (speel), Duits *spielen*, Ou Engels *spilian* (Die woord het oorspronklik "dans" beteken);
- **staubma-* (stoom), Eng. *steam*;
- **fehtan* (veg);
- **fustiz* (vuis).

Die XV-volgorde van Gemeengermaans (vgl. 3.2.2.2 hier onder) het in Duits, Nederlands-Afrikaans en Fries bewaar gebly, maar in die Noord-Germaanse tale en in Engels verdwyn. Hierdie tipe volgorde is dus 'n *kontinentaal* Wes-Germaanse verskynsel.

'n Fonologiese verskynsel wat die Wes-Germaanse tale gemeenskaplik het, is konsonantgeminasie; die verlenging (versterking) van sluitklanke voor sonorante konsonante, insonderheid voor /j/, en ook voor /l/ en /r/ (Krahe en Meid 1969: 104-6; Schönfeld 1970: par. 52). Gemeengermaans **bidjan* (vra), **hlahjan* (lag), **akra-* (land, akker), **apla-* (appel) word Wes-Germaans **biddjan*, **hlahhjan*, **akkra-*, **appla-*. Die uitwerking hiervan is nie meer in Afrikaans merkbaar nie.

2.3.2 DIE WES-GERMAANSE GROEP

Binne die Wes-Germaanse groep is daar verdere dialektiese onderverdelings, waarvan die volgende vir Afrikaans van belang is: die Noordseegermaanse/Ingweoonse, Frankiese en Hoogduitse invloedssfeer.

2.3.2.1 Noordseegermaans

Die Wes-Germaanse tale en dialekte aan die Noordseekus (Engels, Fries, Saksies (noordelike Duits) en westelike Nederlands (of Kusnederlands) het van vroeg af 'n taamlike hegte eenheid gevorm, wat die Noordseegermaanse/Ingweoonse groep heet. Hierdie gebied is oor 'n tydperk van eeue deur 'n aantal dialektiese verskynsels van wisselende sterkte deurkruis. Binne Wes-Germaans staan Hoogduits, as nie-Noordseegermaanse/nie-Ingweoonse taalvorm, afgesonder teenoor die ander tale en dialekte.

Een van die heel oudste Noordseegermaanse verskynsels is nasalering in gevalle soos die volgende: **fimf* > **fī:f* > **fi:f* (vyf), Eng. *five*, maar Duits *fünf*; **sanft* > *sā:ft*, Afr. *sag* < *sacht* < *saft*, Eng. *soft* teenoor Duits *sanft*. Hierdie proses gaan in Engels verder as in Nederlands-Afrikaans, vgl. Afr. *ander* en Eng. *other* < **anhar*; *ons* en *us* < **uns-*; *dons* en *dust* < **dunst-*; *gans* en *goose* < **gans-* (Krahe en Meid 1969: 117).

Tipies Noordseegermaans is verder die oorgang van /a/ na o (Schönfeld 1970: par. 31) vgl. Afrikaans *dog*: **danxta* > **da:xta* > *dochte* > *dog*; ook *agterdog*. Weer eens raak die proses in Engels heelwat meer leksikale items: *soft* < **sanft* (vgl. Afr. *sag*); *tooth* < **tanth-* (Afr. *tand*); *other* < **anhar* (Afr. *ander*); *goose* < **gans* (Afr. *gans*).

Die Noordseegermaanse palatalisering laat /k/ oorgaan onder andere in /ts/, en ook in hierdie geval werk die proses in Engels (en verder ook Fries) veel algemener as in Nederlands-Afrikaans; **keusan* > Eng. *choose*, Afr. *kies*; **kerlaz* > Eng. *churl*, Afr. *kêrel*; **kirik-* > Eng. *church*, Afr. *kerk*; **dik-* > Eng. *ditch*, Afr. *dyk*; **bank-* > Eng. *bench*, Afr. *bank* (Campbell 1959: 173-4). Hierdie palatalisering het in Nederlands-Afrikaans net die /k/ van die diminutief **kin* getref, wat gewysig is na *j*, soos in Ndl. *-je* (*duifje*) (Schönfeld 1970: par. 115). Hierdie *-je* het in dialektiese Nederlands (Hollands) en Afrikaans oorgegaan in /i/, vgl. *duifie*.

'n Verwante Noordseegermaanse palataliseringsproses (Schönfeld 1970: par. 64, Campbell 1959: 194-5) laat inlautende /g/ oorgaan in *i* of *j*: **magd-* > *meid*, *mei-sie*, Eng. *maid*; **bragn-* > *brein*; **segl-* > *seil* (van 'n skip). Vergelyk hiermee Duits *Segel* en *Magd*, met die *g*.

In die Noordseegermaanse groep val die /w/ weg in **hwo-*: Afr. *hoe*, Eng. *how*, terwyl die /w/ in nie-Ingweoonse Wes-Germaans (Duits) behoue bly: *wo* (waar).

Die Noordseegermaanse dialekte het 'n lang *e* teenoor die nie-Ingweoonse dialekte se lang *a*. Die /i:/ in die volgende Engelse woorde kom uit oorspronklike /e:/: *cheese*, *deed*, *eel*, *seed*, *sheep* en *sleep*. In Afrikaans is hierdie Noordseegermaanse /e:/ oorgelewer in net 'n paar woorde, nl.: *leegte* (met die nie-Ingweoonse wisselvorm *laagte*), *kêse* (naas *kaas*: Die melk is *kêse*; *kêskuiken*) en *kiesieblaar/kesieblaar*, waar *kiesie-/kesie-* die Ingweoonse vorm van *kasie-* is (Kloeke 1950: 83 e.v., Schönfeld 1970: par. 80). Origens het Afrikaans deurgaans die nie-Ingweoonse *a*: *aal*, *daad*, *saad*, *skaap* en *slaap*.

Die tipies Noordseegermaanse meervoudsvorm op *-s* is goed verteenwoordig in Afrikaans: *seuns*, *dogters*, *broers*, *mans*, *tiers*, *leeus*. Vergelyk hiermee die nie-Ingweoonse meervoudsvorm in Duits: *Söhne*, *Töchter*, *Brüder*, *Männer*. In Engels is die *-s*-meervoudsvorm baie meer verbreid as in Afrikaans; vergelyk *skepe* teenoor *ships*, *woorde* – *words*, *dae* – *days*, *skoene* – *shoes*, *jare* – *years*, *diewe* – *thieves*. Volgens Schönfeld (par. 101) was die *-s*-meervoud baie meer algemeen in vroeër Nederlands, toe meervoudsvorme soos *zacs* (sakke), *stoels* (stoele) en *banx* (banke) voorgekom het.

'n Bepaalde verskynsel is die oorgang van /o:/ na *eu* in Kusnederlands (Kloeke 1950: 73 e.v.) wat Schönfeld (par. 40) toeskryf aan die "palataliserende tendens eigen aan de Ingweoonse dialecten": *deur* (vs.), *heuning*, *neut* en *seun*. Stan-

daard-Nederlands het die nie-Noordseegermaanse en oorspronklike /o:/ hier: *door*, *honi(n)g*, *noot* en *zoon*.

Die Noordseegermaanse verskynsels is op hulle algemeenste in Engels en in Fries, wat eerstens dui op die noue verbintenis tussen hierdie tale binne die Noordseegermaanse groep, en tweedens op die feit dat Noordseegermaanse verskynsels van hierdie tale oor die res van die Noordseegermaanse gebied uitgestraal het. Engels en Fries is met ander woorde die stralingskern van Noordseegermaanse verskynsels. Op kultuurhistoriese grond beskou Slicher van Bath (1949) Engeland as die sentrum van die Noordseegermaanse wêreld,² en dit is inderdaad so dat daar baie vroeg reeds 'n kragtige Germaanse koninkryk in Engeland gevestig was, maar ook die Friese was in die heel vroeë Middeleeue 'n magtige seevarende volk met Dorestad (Duurstede) naby Utrecht as handelsentrum.³ Vergelyk verder ook Van Bree (1977: 100–103) en Markey (1976: 44 e.v.).

2.3.2.2 Frankies

Die Germaanse stroom wat van noord na suid deur Europa beweeg het, is reeds vroeg in ons jaartelling opgedam deur die noordwaartse beweging van die Romeine. Die gebied van die huidige Nederland, België, Noord-Frankryk, Luxemburg en Suidwes-Duitsland was die terrein van die aktiefste interaksie tussen die Germane en die Romeine. Hier het sterk akkulturasie van die Germane plaasgevind en gepaard met die akkulturasie ook Romaanse beïnvloeding van die plaaslike Germaanse dialekte – weens die Germaans-Romaanse tweetaligheid hier – en hier het in die 5de eeu, twee eeue na die begin van die demografiese en kulturele samevloeiing van Germania en Romania, die beroemde Frankiese ryk tot stand gekom, waardeur die aangesig van Wes-Europa totaal verander is (Petri 1973).

Die Frankiese dialekte is Wes-Germaanse dialekte met sterk Romaanse (veral Gallo-Romaanse en Ou Franse) inwerking.

Velarisering en vokalisering

In die Frankiese dialekte gaan *a* voor die donker (gevelariseerde) *l* oor in *o* ('n proses wat hier velarisering genoem word): **ald-* > *old-* (oud), **kald-* > *kold-* (koud), **salt-* > *solt-* (sout), **wald-* > *wold-* (woud).

Vervolgens vokaliseer die donker *u* tot *u* na *o*: *old-* > *oud*, *kold-* > *koud* (waar *-ol-* kom uit *-al-*), *gold-* > *goud*, *holt-* > *hout*, *solde* > *soude* > *sou* (met oorspronklike *o*) (Schönfeld 1970: par. 60).

L-vokalisering staan onder Franse invloed: vergelyk: *alba* > *aube* (dagbreek), *cabals* > *chevaux* (perde), *salt-* > *saut* (sprong) (Bourciez en Bourciez 1967: 187).

/u/-Palatalisering

Onder Franse invloed palataliseer /u(:)/ tot /y(:)/ in bv. *duur* (adj.), *sku* en *vuur* (Schönfeld 1970: par. 72); vgl. die volgende voorbeelde vir dieselfde oorgang in Frans: *adventura* (. . /tu:ra/) > *adventure* (. . /ty:r/), *plus* > *plus* (Bourciez en Bourciez 1967: 95). Die palataliseringsproduk /y(:)/ word bewaar veral voor /r/, maar in ander verbande ondergaan die /y:/ diftongering tot /oey/; vgl. *huus* >

huis, *muus* > *muis*, *tuun* > *tuin* en *vuul* > *vuil*.

Die palatalisering van *u* trek van die Frankiese suide na die noorde deur die Nederlandse taalgebied,⁴ en daar is in Afrikaans nog verskeie oorblyfsels (relikte) met /u/ uit die tyd voor die Frankiese palatalisering van hierdie vokaal: *loer* (naas *ghuur*), dialekties *roesie* vir *rusie*, *smoel* (naas *muil* uit *muul*), *snoet* (naas *snuut* uit *snuut*). Hieruit blyk die noordelike (Hollandse), en gedeeltelik nie-Frankiese inslag van Afrikaans.

/d/-Verswakking

Hierdie verskynsel staan ook onder die invloed van Frans (Schönfeld 1970: par. 35), maar is in die Frankiese gebied beperk tot Nederlands-Afrikaans; vgl. *boedel* > *boel*, *broeder* > *broer*; *brade* > *braai* en *poeder* > *poer*.

/f/ > /x/ voor /t/

Hierdie oorgang het voorgekom in woorde soos die volgende: *after* > *agter*, *graft* > *graft* (> *grag* in Afrikaans); *kraft* > *kragt*; *luft* > *lugt* (> *lug* in Afrikaans); vgl. ook *sag*, *stig* en *sug* (Schönfeld 1970: par. 83). Duits en Engels staan op nie-Frankiese standpunt; vgl. Eng. *soft* en Afr. *sag* (< *saf*), Duits *Luft* en Afr. *lug* (< *luf*).

In Nederlands het /xt/ uit /ft/ die meeste voorgekom in die suide. Franck (1910: par. 110) gee vorme soos die volgende uit suidelike Middelnederlands: *brulocht* (bruilof), *helecht* (helfte), *ochte* (of), *scricht* (skrif), en *vichtich* (vyftig) waar die *f* (*bruilof*, ens.) duidelik Afrikaans se noordelike afkoms laat blyk. Schönfeld (par. 83) sê: "Holland behoorde oorspronklik, althans grotendeels, tot het *ft*-gebied." Met ander woorde, Hollands was wat hierdie verskynsel betref aanvanklik buite die Frankiese invloedssfeer.⁵

Gallo-Romaanse ontlenings

Onder die invloed van die Gallo-Romaanse kloosterkultuur word die Germane binne die Frankiese ryk gekersten en leer hulle die skryfkuns aan. Uit die sfeer van hierdie kultuur stam die volgende Frankiese ontlenings aan Gallo-Romaans (Bach 1970: 125, 147 e.v.):

aalmoes (G-R *almosne*, Lat. *eleemosyne*);

ab (Gallo-Romaans *abbade*, Klassieke Latyn *abbas/abbatem*);

beker (*bikariu*);

brief (G-R *breve*, Lat. *brevis*);

klooster (G-R *klaustru*, Lat. *claustrum*);

kruis (G-R *krutse*, Lat. *crux/crucem*) – waardeur die Germaanse **galga-* en **roda* (vgl. Eng. *Holyrood Convent* "klooster van die Heilige Kruis")

verdring is;

kussing (G-R *kussin*, Lat. *coxinus*);

monnik (G-R *monikus*, *monakus*, Lat. *monachus*);

mos "drank" (G-R *mostu*, Lat. *mustum*);

perd (G-R *paraveredus*, Lat. *caballus*, waardeur Germaans **hrossa-* verdring is);

priester (G-R *prestre*, Lat. *presbyter*);
seën (G-R *segnu*, Lat. *signum*);
skryf (*scribere*, waardeur Germaans **writan* “inkerf”, Eng. *write*, verdring is);
spieël (G-R *spedula*, Lat. *speculum*);
sy (-stof) (G-R *sesta*, Lat. *saeta*).

2.3.2.3 Die Hoogduitse invloedseer

Die *Hoog-* in *Hoogduits* dui nie op die sosiale status van hierdie taalvorm nie, maar op die ligging, naamlik in die *hoogland*, die Alpegebied, in die suide van Middel-Europa. Hoogduits staan teenoor Nederduits of Platduits, wat gegroei het uit Saksies, 'n Noordsegermaanse taalvorm van noordelike Duitsland. In die vroegste Middeleeue was die sentrum van Hoogduits die gebiede wat tans bekend staan as Oostenryk, Switserland en Beiere in Duitsland. In hierdie gebied was daar twee magtige Germaanse ryke, naamlik die Alemanne in die weste en die Beiere in die ooste (met die Langobarde ten suide van hulle in Noord-Italië).

In Nederland het daar veral sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n antipatie teen Duits ontwikkel wat uitgeloop het op 'n byna fanatieke bewustheid van Germanismes. Maar reeds sedert baie vroeg staan die klein Germaanse taalgemeenskap rondom die Rynmond (daar waar Nederlands later sou ontstaan) sterk onder die invloed van sy groter Germaanse broer in die Alpegebied. Twee van die heel oudste tekens van hierdie invloed wat in Afrikaans bewaar gebly het, is Duitse leenwoorde en auslautverskerping.

Auslautverskerping

In Ou Hoogduits (Von Kienle 1969: 89) word stemhebbende versperringsklanke (sluitklanke en frikatiewe) in die auslaut stemloos: /land/ > [lant] “land”, /ti:v/ > [ti:f] “tief = diep”. Reeds voor die Middelnederlandse tydperk het hierdie fonologiese proses na die Nederlandse dialekte versprei, en die neerslag daarvan bestaan vandag in Afrikaans in die vorm van 'n alternasie (morfologiese wisseling) tussen stemlose en stemhebbende versperringsklanke: /röp/ “rop” naas /röbə/ “robbe”; *lief* naas *liewe*, *kloof* naas *klowe*; /lant/ “land” naas /landə/ “lande”; /xlat/ “glad” naas /xladə/ “gladde”; /bèrx/ “berg” naas /bèrgə/ “berge”.

Engels het buite die Hoogduitse invloedseer gestaan en die oorspronklike Germaanse stemhebbende versperringsklanke in die auslaut bewaar; vgl. *land*, *dove* en *live*.

Duitse leenwoorde

Die woorde *kerk*, *pinkster*, *doop* en *vas* het uit Hoogduits in Nederlands-Afrikaans oorgegaan (Bach 1970: 122–123). Hulle stam uit die sfeer van die Gotiese Christendom (die Arianisme). Teen 400 n.C. was daar betrekkinge tussen die Beiere in Suid-Duitsland en die ryk van die magtige Gotiese vors Theodorik die Grote verder oos met die Donou langs. Vanuit die Beiere kerksentrum Salzburg het die betrokke woorde toe uiteindelik in Nederlands-Afrikaans beland.

Kerk en *pinkster* stam uit die Grieks *kyrikón* en *pentekoste* (vyftigste dag na pase) onderskeidelik. (Grieks was naamlik vir die Gote as godsdienstiaal nog

belangriker as Latyn.) *Doop* en *vas* is eg Germaanse woorde, maar leenvertalings (leenuitbreidings). *Doop* het oorspronklik beteken “indoop”, met ander woorde “onderdompeling”, en hou verband met *diep*. Hierdie woord stam dus duidelik uit die Goties-Ariaanse sfeer, waarbinne die grootdoop aangehang is. *Vas*, oorspronklik “in ag neem, vashou” is 'n leenvertaling van Latyn *observare* “in ag neem, vas”.

Die volgende is voorbeelde van woorde wat sedert die later Middeleeue deur Nederlands aan Hoogduits ontleen is (De Vooys 1946):

invloed, *slagorde*, *hinderlaag*, *oproer*, *stormenderhand*, *folter*, *halt*, *koëël*, *dolk*, *ruitery*, *beledig*, *diefstal*, *ewebeeld*, *heftig*, *oponthoud* en *wonderbaarlik*.

3 Afrikaans as Germaanse taal

By die bestudering van die plek van Afrikaans binne die Germaanse taalfamilie moet een saak baie goed voor oë gehou word: hoe belangrik die genealogie van Afrikaans (of enige taal) ook al is, dit is maar een van die vrae wat oor die geskiedenis van Afrikaans beantwoord moet word. 'n Ander besonder belangrike vraag raak die uitwerking van taalkontak op Afrikaans en sy voorlopers, onder andere die invloed van Latyn en Frans in Europa en van Portugees, Maleis en Khoekhoens hier te lande.

3.1 Die afwykendheid van Afrikaans

'n Vergelyking van Afrikaans met die sustertale in die Germaanse familie laat blyk dat dit Afrikaans ontbreek aan bepaalde strukturele kenmerke wat voorkom in die meeste van die sustertale, besonderlik in Nederlands, die sustertaal waarmee Afrikaans die nouste verwant is: vergelyk die tabel.

	<i>Afrikaans</i>	<i>Nederlands</i>	<i>Engels</i>	<i>Sweeds</i>	<i>Duits</i>	<i>Fries</i>
Genus	–	+	–	+	+	+
Attr. verb.	+	+	–	+	+	+
Persoonsvorm	–	+	+	–	+	+
Imperfek	–	+	+	+	+	+

Genus: Dit staan ook bekend as grammatiese geslag en het te doen met die verdeling van die substantiewe in klasse soos die *de-* en die *het-*woorde in Nederlands; vgl. *de tafel* en *het huis*.

Attributiewe verbuiging: Die verbuiging van die adjektief as voorbepaling, bv. *vinnige motor*.

Persoonsvorm: Die verbuiging van die werkwoord om kongruensie met die onderwerp uit te druk, bv. *ik loop* × *wij lopen* in Nederlands.

Imperfek: Die verboë preteritum (verlede tyd), soos in Nederlands *gaf, liep, droomde, leefde*. Die klein klompie imperfekta wat Afrikaans behou het, bv. *sou, wou*, word geïgnoreer.

Hierdie verskynsels word in hfst. 4 bespreek.

Die verlies van drie van hierdie vier eg Germaanse kenmerke moet toegeskryf word aan die versteurende uitwerking wat van die 17de- en 18de-eeuse kontak-situasie op Afrikaans-Hollands uitgegaan het, toe Afrikaans-Hollands gepraat is binne 'n heterogene en vlottende gemeenskap waarvan 'n groot persentasie die taal aanvanklik net as vreemde taal geken het. Hierby kom nog die oorname van nie-Germaanse kenmerke deur Afrikaans: die *vir* by die voorwerp (Iemand het *vir* Nelia beledig) uit Laagportugees (Raidt 1975) en (die uitbreiding van) reduplikasievorme onder Maleise invloed (Raidt 1981: hfst. 4). Die status van Afrikaans as Germaanse taal is dus nie heeltemal so voor-die-hand-liggend nie.

3.2 Germaanse trekke

Afrikaans het nogtans soveel Germaanse trekke behou dat die taal wel sonder probleme as Germaanse taal geklassifiseer kan word.⁶

3.2.1 DIE LEKSIKON

Dit is goed bekend dat Afrikaans 'n hele aantal woorde aan Portugees, Maleis en Khoekhoens ontleen het; vgl. o.a. Boshoff (1921). Maar hierdie woorde is 'n druppel aan die emmer in vergelyking met dié wat tot Afrikaans se Germaanse erfenis behoort.

3.2.1.1 Die kernwoordeskat

In 'n vertakking van die historiese taalkunde wat die leksikostatistiek (glottochronologie) heet, word statistiese bewerkings gedoen van wat die kernwoordeskat (core vocabulary) heet. Hierdie kernwoordeskat omvat 200 woorde (Lehmann 1973: hfst. 7), waaronder die volgende: *al, en, die, swart, bloed, brand, kind, vuil, dom, vuur, voet, ek, ys*. Wat hierdie lys betref, is daar min leksikale afwykings in Afrikaans. Die voorbeelde van so pas is almal Germaanse woorde.

In altesaam 18 uit die 200 gevalle (9%) wyk Afrikaans af.

(1) Die algemeen Germaanse werkwoord vir "doodgaan" is deur Afrikaans bewaar as formele woord, naamlik *sterf/sterwe*, terwyl die algemeen gebruiklike woord *doodgaan* is; dialekties ook *dood* (as werkwoord gebruik). In Nederlands is *doodgaan* die gewone en *sterven* die deftige woord.

(2, 3) Die Afrikaanse omgangstaalwoorde vir "manlike ouer", "vroulike ouer" is *pa* en *ma* onderskeidelik. Die Germaanse woorde **fader* en **moder* kom voor onder andere in *vaarlandswilg* en *moer*. *Vader* en *moeder* is waarskynlik latere Nederlandse kultuurontlenings.

(4) Die Germaanse woord wat in Engels *fight* heet, in Nederlands *vechten* en

Duits *fechten*, kom in Afrikaans ook voor, maar hy is grootliks deur die leenwoord *baklei* verdring.

(5) Die Germaanse woord vir "kop" bestaan in Afrikaans nog in *hoof* (Ndl. *hoofd*, Duits *Haupt*, Eng. *head*). Die verdringing van *hoof* deur *kop* is reeds eeue oud: ook Duits het *Kopf* as informele variant van *Haupt*.

(6) Die Germaanse werkwoord vir "jag" is etimologies verwant aan *hond* (jagter) en bestaan in Engels as *hunt*. Afrikaans se "jag" is verwant aan Ndl. en Duits *jagen*.

(7) Die werkwoorde Ndl. *liggen* naas *leggen*, Eng. *lie* naas *lay*, val in Afrikaans saam in *lê*. Hierdie samevalling het reeds in vroeë Nederlands voorgekom.

(8) In Duits *viel* en Ndl. *veel* steek die Germaanse woord wat Afrikaans ook in bepaalde verbande gebruik. Dié is verdring deur die Maleise leenwoord *baie*.

(9) Duits *Weg*, Ndl. *weg* en Eng. *way* kom in formele Afrikaans voor, en die omgangstaalwoord is *pad*, eweneens 'n Germaanse erfstuk, vgl. Eng. *path*, met 'n nuwe betekenistoepassing.

(10) Die Germaanse woord *sneeu* (Duits *Schnee*, Eng. *snow*) is in Afrikaans springlewendig; daarnaas word ook die Maleise leenwoord *kapok* wyd gebruik.

(11) Die Germaanse kwantor wat Eng. bewaar het as *some* het Afrikaans nog in *sommige* en *somtyds*, maar die ou substantief *party* het dié se funksie as kwantor oorgeneem.

(12) Duits *Stein*, Ndl. *steen*, Eng. *stone* bestaan in Afrikaans nog in bv. *baksteen*. Die algemene woord is *klip*, eweneens 'n Germaanse woord wat verband hou met die substantief *kloof* en Eng. *cliff*.

(13, 14) Die Germaanse demonstratief Eng. *that* Ndl. *dat* is deur 'n eie ontwikkeling in Afrikaans verdring deur *daardie*, soos wat Eng. *this*, Ndl. *deze* deur *hierdie* vervang is – vgl. nog *duskant, deeskant, deuskant*.

(15) Die Germaanse persoonlike voornaamwoord Duits *Sie*, Ndl. *zij* bestaan nie in Afrikaans nie. Afrikaans se *hulle* is 'n voortsetting van 'n ou Nederlandse pronominale vorm *hunluij*.

(16) Nederlands *wij*, Eng. *we* is die Germaanse voornaamwoord, eerste persoon meervoud, wat in Afrikaans deur een van sy naamvalsvorme *ons* verdring is.

(17) Duits *werfen*, Ndl. *werpen* heet in Afrikaans nog *werp*, maar dié is so formeel dat dit waarskynlik 'n later ontlening aan Nederlands is. Die gewone Afrikaanse werkwoord is *gooi*, wat op Nederlands teruggaan.

(18) Duits en Ndl. *wenden* het in die omgangstaal bewaar gebly in *wenakker*, en die gewone Afrikaanse woord is *draai*, wat verwant is aan Duits *drehen*.

Op die keper beskou, is Afrikaans se afwykings ten opsigte van die kernwoordeskat gering, en in heelparty gevalle is die afwykings reeds pre-Afrikaans.

3.2.1.2 Die frekwentste woorde in Afrikaans

Volgens Barnes (1950) se frekwensielys is daar onder die eerste tweehonderd frekwentste Afrikaanse woorde net een leenwoord, naamlik *baie*, en dié is no. 73 op die lys wat genommer word van 1 vir die frekwentste woord (nl. die lidwoord *die*). Ook in hierdie opsig is Afrikaans dus leksikaal behoudend.

3.2.2.1 Lokatiewe pronomina

Die gebruik van lokatiewe pronomina as voorsetselaanvulling is tipies Germaans, bv. *hier-*, *daar-* en *waar-* in *hieraan*, *daaraan*, *waaraan*; *waarin*, *daarin*, *waarin* (in dit, in wat, aan dit, aan wat). Dié lokatiewe pronomina lyk soos die lokatiewe bywoorde *hier*, *daar* en *waar*, dog hulle is geensins bywoorde nie, maar die voornaamwoorde *dit* en *wat* wat die vorm *hier-*, *daar-* en *waar-* binne setselgroepe aanneem.

Ook die plasing van die lokatiewe pronomina, naamlik VOOR die setsels waarmee hulle verbind, en nie NA hulle nie, is 'n Germaanse verskynsel.

3.2.2.2 Sinsvolgorde

Verskeie van Afrikaans se sinsvolgordebeginsels stam uit Germaans. Gemeengermaans was 'n hoogs flekterende taal, en die sinsvolgorde van hoogs flekterende tale (soos Latyn, Zulu, Pedi) is redelik vry, hoewel daar ook selfs in hulle geval bepaalde sinsvolgordebeginsels onderskei kan word.

In die beskrywing van sinsvolgorde word uitgegaan van die plasing van die werkwoord (Greenberg 1966 en hfst. 1, afd. 4.1.2.2). Vergelyk die volgende voorbeelde:

- (1) F. A. Venter *skryf* ongetwyfeld goeie romans.
- (2) Ongetwyfeld *skryf* F. A. Venter goeie romans.
- (3) Wat *skryf* F. A. Venter?
- (4) *Skryf* F. A. Venter goeie romans?
- (5) dat F. A. Venter ongetwyfeld goeie romans *skryf*
- (6) F. A. Venter sal ongetwyfeld goeie romans *skryf*.

Die sinsvolgorde in sin (1)-(4) heet werkwoordinisiële volgorde of VX-volgorde (waarin V = werkwoord en X = alle ander elemente), terwyl die volgorde in (5) werkwoordfinale of XV-volgorde genoem word.

Die VX-beginsels

Volgens die VX-beginsels word die werkwoord, veral in onafhanklike sinne en hoofsinne, (nader) aan die sinsaanvang geplaas. Twee soorte VX-beginsels word onderskei: die werkwoord-eerste-beginsel (V1-beginsel) en die werkwoord-tweede-beginsel (V2-beginsel).

(a) Die V1-beginsel. Hierdie beginsel reël dat die werkwoord reg aan die begin van die sin staan. Die bekendste voorbeeld hiervan is die algemene vraagsin, soos in (4) hier bo. V1-volgorde word in alle hedendaagse Germaanse tale aangetref (naas Afrikaans ook in Duits, Nederlands, Sweeds en Fries). Ook Engels het die V1-beginsel in algemene vraagsinne, maar in 'n beperkte vorm, deurdat net "ligte" werkwoorde (hulpwerkwoorde, koppelwerkwoorde en *have*) in eerste sinsposisie kan staan, dus bv. *Do you smoke? Are you lonesome?* maar nie: **Smoke you? *Feel you lonesome?*

V1-volgorde is Indo-Europese erfgoed in Germaans, en die beginsel kom voor in nie-Germaanse Indo-Europese tale soos Latyn en Grieks. Een van die oudste stukkie Dietse teks, die Wes-Vlaamse krabbeltjie wat in Raidt (1976: 16) gegee word, vertoon V1-volgorde: *Hebban olla vogala nestas hagunnan hinase hic enda thu . . . ?* "het alle voëls neste begin, behalwe ek en jy" (soos geëmendeer deur Caron 1963). Dié 11de-eeuse sinnetjie is 'n direkte vertaling van die Latyn: *Abent omnes volucres nidos inceptos nisi ego et tu . . . ?* – ook met V1-volgorde.

(b) Die V2-beginsel. Die werkwoord staan nie reg aan die begin van die sin nie, maar in die tweede sinsposisie, soos in voorbeeld (1)-(3) vroeër. Die eerste sinsposisie word gevul of deur die onderwerp of deur 'n ander sinstuk (wat die aanloop genoem word).

Onderwerp eerste: *SY was* tog 'n vreemdeling; *DIE TREMS raas* oral; *SY GROND lewer* baie lusern; *WIE pos* vandag die briewe? *WAT pla* jou?

Aanloop eerste: *TOG was* sy 'n vreemdeling; *ORAL raas* die tremms; *WAAR raas* die tremms? *HOEVEEL LUSERN lewer* sy grond?

Die V2-beginsel kom voor in hedendaagse Germaanse tale uit al die geledinge van die taalfamilie (Nederlands, Duits, Sweeds en Fries (naas Afrikaans)), terwyl dit in Engels aan die verdwyn is maar nog in beperkte mate bestaan.⁷ Hierdie beginsel is 'n spesifiek Germaanse ontwikkeling, want dit kom nie in ander Indo-Europese tale voor nie.

Die XV-beginsel

Die XV-beginsel kom in Afrikaans voor eerstens in bysinne, soos in voorbeeld (5) vroeër:

dat F. A. Venter ongetwyfeld goeie romans *skryf*,
en tweedens in onafhanklike sinne en hoofsinne, wanneer die werkwoord wat nie die spil is nie, soos *skryf* in voorbeeld (6) hier bo, aan die einde van die sin geplaas word.

Die XV-beginsel kom voor in Afrikaans, Nederlands, Duits, Fries en Jiddisj, maar nie in Engels of die Skandinawiese tale nie. Dit was ook werksaam in die ouer Germaanse tale (Ou Engels, Ou Saksies, Ou Hoogduits, Goties en in Runiese Germaans, vgl. Smith 1971: 297 e.v.; Fourquet 1938), in selfstandige sinne en hoofsinne, maar veral in bysinne. Dat die XV-beginsel in Gemeengermaans voorgekom het, staan dus bo redelike twyfel, ten spyte daarvan dat dit in moderne Engelse en die hedendaagse Skandinawiese tale ontbreek.

Alle getuie uit die hedendaagse en ouer Germaanse tale dui op 'n swak XV-beginsel, waaronder verstaan word 'n XV-beginsel waarvolgens die werkwoord nie per definisie heel aan die einde van die sin hoef te staan nie. In Afrikaans staan die werkwoord bv. dikwels nie reg aan die einde van die sin nie, maar word hy deur ander elemente gevolg: dat dit *VOLDOEN* aan ons behoeftes; dat hulle vir Harmse *SAL VRYLAAT* volgende week. Die sterk vorm van die XV-beginsel werk in Japanees, waar niks op die werkwoord mag volg nie.⁸ Vergelyk verder hfst. 1.

4 Fases in die geskiedenis van die Germaanse tale

In die geskiedenis van die Germaanse tale word vyf fases onderskei: die tydperk van Gemeengermaans, dié tussen Gemeengermaans en die eerste geskifte in die Germaanse tale, en dan drie fases wat aangedui word met die benamings OU naas OUD- (Ou Nederlands of Oudnederlands, Ou Hoogduits of Oudhoogduits, Ou Engels), MIDDEL- (Middelnederlands, Middelhoogduits, Middelengels) en NUWE naas NIEU- (Nuwe Nederlands of Nieu-nederlands, Nuwe Hoogduits of Nieuhoogduits, Nuwe Engels).

Belangrike bronne waarin die geskiedenis van Nederlands en Afrikaans binne Germaanse verband behandel word, is Conradie (1986), De Villiers (1978), De Vooys (1970), Lecoutere en Grootaers (1959), Raidt (1976), Schönfeld (1970), Te Winkel (1901) en Verdam (1923).

4.1 Die tydperk van Germaans as eenheidstaal: Gemeengermaans

Dit is moeilik om presies te omlin wanneer Germaans as eenheidstaal bestaan het; waarskynlik rondom 500 v.C. tot ongeveer aan die begin van ons jaartelling. In hierdie tyd moet daar, soos binne enige taalgemeenskap, reeds dialektiese geleiding bestaan het, wat deur latere ontwikkeling verskerp is, sodat die verskillende Germaanse *tale* uit oorspronklike Germaanse *dialekte* ontwikkel het. Hierdie fase is volkome preliterêr: daar is geen tekste in hierdie fase van Germaans voorhande nie, anders as in die geval van Indo-Europese tale van vergelykbare ouderdom, soos Latyn, Grieks en Sanskrit.

In die ouer literatuur is hierdie tydperk aangedui as *Oergermaans*, maar hierdie term het in onbruik geraak, en is vervang deur *Proto-Germaans* en *Gemeengermaans*.

4.2 Die tydperk van die splitsing

Rondom die begin van ons jaartelling het die Germaanse trekbewegings na suidelike Europa begin en het Gemeengermaans in verskillende nou verwante tale begin uiteengaan (Oos-Germaans, Noord-Germaans en Wes-Germaans); vgl. 2.3.1. In hierdie tyd het die heel vroegste Germaanse tekste ontstaan, onder andere die rune-inskripsies (2.2.1.1) en die Gotiese Bybelvertaling (2.2.1.2).

4.3 Ou Nederlands

Die begin van die *ou*-tydperk in die Germaanse tale word vasgestel aan die hand van die verskyning van die eerste Ou Germaanse tekste, wat verskil na gelang van die taal. In die geval van Ou Engels en Ou Hoogduits is dit rondom die jaar 700. Hierdie tydperk oorspan die vroeë Middeleeue, tot in die 11de eeu.

In teenstelling met Ou Hoogduits en veral Ou Engels is daar in Ou Nederlands bloedweinig teksgegewens. Die belangrikste is die volgende:

- (a) 'n Klompie plekname (toponieme) en persoonsname (vgl. o.a. Mansion 1924).
- (b) Die Karolingiese of Wachtendonckse psalmberyming: 'n direkte vertaling uit die Latyn. Die waarde van hierdie tekste vir die studie van Ou Nederlands is redelik beperk, aangesien die vertaling die Latynse sintaktiese volgorde op die voet volg en die dialek van die vertaling 'n baie sterk oostelike (Duitse) kleur het; vgl. die voorbeeld en die bespreking in Raidt (1976: 15-16).
- (c) 'n Enkele Wes-Vlaamse sinnetjie (ibid.):
hebban olla vogala nestas hagunnan hinase hic enda thu uuat unbidan
uue nu (Het alle voëls neste begin, behalwe ek en jy; wat wag ons nou?)

Hierdie en ander Ou Nederlandse tekste is opgeneem en word bespreek in Gysse-ling (1980: 1-282).

4.4 Middelnederlands

In die later Middeleeue, van die 12de eeu af, het daar in Nederlands 'n uitgebreide en hoogstaande literatuur ontstaan, waardeur ons in staat gestel word om 'n duidelike beeld te vorm van die Nederlands van hierdie tyd; vgl. Raidt (1976: 22 e.v. en die literatuur daar), Conradie (1986: 56 e.v.). Aangesien die suide (eers Vlaandere en later Brabant) kultureel en ekonomies baie beter ontwikkel was as die noorde (Holland), dra die Middelnederlandse tekste 'n oorwegend suidelike stempel, hoewel dié tekste geskryf is in 'n soort bodialektiese eenheidstaal wat veel later, na die opkoms van Amsterdam en Holland, onder noordelike invloed tot Algemene Nederlands sou ontwikkel.

Vergelyk die volgende uittreksel:

Van een nonne die Beatrijs hiete

(1) Het was een nonne die hiete beatrijs ende diende maria die moeder gods devotelic. (2) Ende dat benyde die duvel ende becoerdse langhe tijt mit enen ionghelinc die rijc was daer si in hare ioghet bi plach te wonen. (3) Ende die nonne wederstont die becoringhe langhe tijt. (4) Mer die duvel ende die natuer des vleyschs verwonnense. (5) So dat se den ionghelinc ontboet mit heymeliken brieven. (6) Ende hi quam tot haer, ende oec hadde die duvel hem daer of seer becoert. (7) So dat si over een droghen ende se soude mit hem witten (= uutten) cloester gaen ende trecken in vreemden lande. (8) Ende si settede hem enen sekeren dach ende tijt daer weder te comen ende cleder mit hem te brenghen die haer dienden. (9) Die ionghelinc ghinc van daen ende dede cleder maken ende ander sierheit der vrouwen van gordelen ende yuwelen ende alsulke dinghen als den vrouwen betaemde." (Bouman 1948: 206.)

Vertaling

Daar was 'n non wat Beatrys geheet het en wat Maria, die moeder van God, getrou (met vroomheid, oorgawe) gedien het. En dit het die duivel gegrief en hy het haar lank in die versoeking gelei met 'n jongman by wie sy in haar jeug gewoon het (letterlik: gewoon was om te woon). En die non het die versoeking lank weerstaan. Maar die duivel en die aard van die vlees het haar oorwin. Sodat sy die jongman met geheime briewe laat kom het. En hy het na haar toe gekom, en ook vir hom het die duivel wat dit betref in die versoeking gelei. Sodat hulle ooreengekom het dat sy saam met hom uit die klooster sou gaan en na 'n vreemde land sou vertrek. En sy het vir hom 'n sekere dag en tyd vasgestel om weer daarheen te kom en klere te bring wat vir haar geskik sou wees (haar sou pas). Die jongman het weggegaan en klere laat maak en ander vrouemooimaakgoed (vroueversiersels) soos gordels en juwele en al sulke dinge vir die vroue.

Hierdie teks het 'n meer Hollandse inslag, wat blyk uit die oorgang van *ee* tot *ie* in *hiete* (heten) (sin 1). Ander voorbeelde van hierdie verskynsel buite die teks om is: *twie* (twee) *bien* (been).

In Middelnederlands het die naamwoord meer verbuigings gehad as in Nieu-nederlands:

die moeder *gods* (die moeder van god) (sin 1); sierheit *der vrouwen* (versiersels van vroue) (sin 9).

In hierdie stadium het die lang [i:] en [y:] nog nie die proses ondergaan wat diftongering heet nie en waardeur hulle omvorm is tot onderskeidelik [ei] en [oei]; vgl. *bi* (by), *beatriis*; *duvel* en *wtten* = *uutten* (uit die).

Die schwa veral aan die woordeinde het nog nie weggeval nie:

ioghet (jeug); *becoringhe*, *hadde*, *nonne*, *soude*.

Van hierdie verskynsels kom vandag nog in suidwestelike Nederlands (Wes-Vlaams) voor; vgl. 4.5.1.4.

4.4.1 FRANSE INVLOED

Die Germane in die noorde van Europa het gekultiveer geraak onder die invloed van hulle suidelike Romaanse bure: daar waar die aanraking tussen die Romaanse en Germaanse taalgemeenskappe die nouste was, het die Germaanse gemeenskappe die vinnigste en die hoogste ontwikkel. Die suidelike deel van die Nederlandse taalgemeenskap, Vlaandere en Suid-Brabant, was in die tyd onder bespreking baie verder ontwikkel as die Hollandse noorde, onder die invloed van die Franse gemeenskap waarmee die suidelike Nederlandstaliges in die nouste kontak gestaan het. Hierdie akkulturasie van die Nederlandstaliges aan die Franse het ook die Nederlandse taal beïnvloed: in hierdie tyd het Nederlands diep onder die invloed van Frans gekom.

Die tweetaligheid (Nederlands-Frans) van die suiderlinge van daardie tyd het

in die eerste plek gelei tot die beïnvloeding van Nederlands deur Frans, leksikaal (wat die woordeskat betref) en struktureel; vgl. 2.3.2.2. Maar in die tweede plek moet die versteuring as gevolg van tweetaligheid minstens as een van die faktore beskou word wat gelei het tot die reduksie van die struktuur van Nederlands in vergelyking met Duits, soos wat gebeur het met Engels in kontak met Deens en Frans.

4.5 Nuwe Nederlands en Afrikaans

4.5.1 NEDERLANDSE DIALEKTE

Die Nederlandse dialekte het reeds in die Ou Nederlandse tydperk hulle beslag gekry. Dit wil hoegenaamd nie sê dat hulle van toe af tot nou toe onveranderd gebly het nie, maar hoewel die aard van die kenmerke waardeur die dialekte van mekaar onderskei word, in die loop van die tyd verander het, het die grense tussen die dialekte tog besonder stabiel gebly. Weijnen (1966: 425 e.v.) se indeling van die Nederlandse dialekgebiede sal hier gevolg word. In verband met hierdie indeling moet met drie oorwegings rekening gehou word:

- (a) Daar is 'n fyn netwerk verbande onder dialekte, en die een dialek gaan geleidelik in 'n ander oor. Goossens (1977: 18-20) illustreer dit treffend aan die hand van Nederlands en Duits.
- (b) Dit is sinloos om 'n dialek op grond van net een kenmerk te probeer onderskei: in die klassifikasie van dialekte moet van bundels kenmerke uitgegaan word.
- (c) Dialekte verskil van mekaar nie net na die aard van kenmerke nie, maar ook na die graad van sulke kenmerke. Sowel suidoostelike Nederlands as Hoogduits ken die oorgang van /k/ na /x/ in bv. *mich* < **mik* (my), maar in Hoogduits kom hierdie verskynsel in veel hoër graad voor; met ander woorde, dit raak veel meer leksikale items as in suidoostelike Nederlands.




Fig. 2.1 Die Nederlandse dialekte

- 1 Staatsgrens België-Frankryk
- 2 Staatsgrens met Duitsland
- 3 Staatsgrens Nederland-België
- Taalgrens Nederlands-Frans
- I Noordelik-sentrale dialektgebied (Hollands-Utrechts)
- II Suidelik-sentrale dialektgebied (Brabants)

Noordwestelike dialektgebied

Noordoostelike dialektgebied

Suidwestelike dialektgebied
 FV Frans-Vlaams OV Oos-Vlaams
 WV Wes-Vlaams S Seeus

Suidoostelike dialektgebied

Stede

A	Amsterdam	De	Delft	M	Middelburg
Al	Alkmaar	Do	Dordrecht	Me	Mechelen
Ant	Antwerpen	G	Gent	N	Nijmegen
Ar	Arnhem	Gr	Groningen	R	Rotterdam
B	Brussel	H	Haarlem	s-G	's-Gravenhage
Bd	Breda	Ho	Hoorn	s-H	's-Hertogenbosch
Br	Brugge	Le	Leiden	U	Utrecht
D	Duinkerke	Lv	Leuven	Z	Zaandam
		Lw	Leeuwarden	Zw	Zwolle

4.5.1.1 *Noordoostelik*

Die noordoostelike dialekte kom voor in die provinsie Groningen, die oostelike randgebiede van Friesland, Drente, Overijssel en oostelike Gelderland. Hierdie dialekte is verwant aan Nederduits, wat in die Middeleeue nog oor die hele Noord-Duitsland voorgekom het. Belangrike kenmerke is die ontwikkeling van *alt* tot *olt* (in stede van *out* soos *koud*, *oud* in Afrikaans uit **kalt*, **alt*) en die gebrek aan diftongering, d.w.s. [i] vir Afr.- en St.-Ndl. [ei], en [y] vir Afr.- en St.-Ndl. [oei] in bv.:

bieten (bijten), blieven (blijven), spieker (spijker), duuken (duiken), kuuken (kuiken), sluuten (sluiten) (almal voorbeelde uit Deventers).

4.5.1.2 *Suidoostelik*

Hiervan is Maastricht in Limburg een van die hoofsentra. Die suidoostelike dialekte skakel nou met Rynse (Ripuariese) Hoogduits, onder andere ten opsigte

van die oorgang van [k] na [x] in *ich* (ek) uit *ik* en *mich* (my) uit *mik*.

Die dialekte in hierdie twee oostelike randgebiede is vir Afrikaans van minder belang as die meer westelike dialekte:

4.5.1.3 Noordwestelik

Hierdie dialekgebied omvat hoofsaaklik die huidige provinsie Noord-Holland noord van Amsterdam. Van die kenmerke is *sk-* vir Algemene Nederlands *sx-* en 'n helder vokaal, bv. [e:] vir [a:] in *skeep*, Alg. Ndl. *schaap*, *deer* (daar) (vgl. Eng. *sheep*, *there*). Soos hier onder aangetoon word, het die 17de-eeuse Hollandse dialek waaruit Afrikaans stam, noordwestelike inslag gehad.

4.5.1.4 Suidwestelik

Hieronder resorteer die volgende: *Wes-Vlaams* (die noordwestelike deel van België rondom Brugge, met inbegrip van *Frans-Vlaams* in die noordwestelike Nederlandssprekende gedeelte van Frankryk), en *Seeus*, met *Oos-Vlaams* (rondom Gent en Aalst verder oos) as oorgangsgebied tussen die suidwestelike en die suidelik-sentrale dialekgebied. Spesifiek suidwestelik is kenmerke soos die volgende. Die voorbeelde kom uit die Wes-Vlaamse dialek van Pervijze (in Noordwes-Vlaandere, digby Nieuwpoort en 11 km van Oostduinkerke af; Verschaeve 1948/'49).

Die gebrek aan diftongering ('n proses wat in die noordelik- en suidelik-sentrale dialekgebiede voorkom):

bile (bijl), drivn (drijven), izre (ijzer), rike (rijk adj.); buuk (buik), kruus (kruis), muus (muis).

Hier verskyn dus [i] en [y:] vir [ei] en [oei].

Die verlaging van kort [i] (die hoë schwa) tot [e]:

betre (bitter), destle (distel), ete (hitte), ves (vis).

Die behoud van finale *-n*, onder andere in die infinitief van die werkwoord. Hier assimileer die *-n* aan die voorafgaande konsonant:

beevn (beven), bringng (brengen) eetn (eten), neemmm (nemen), slaapm (slapen).

In die sentrale dialekte val die *-n* hier weg:

beve, brenge, ete, neme, slape.

Wes-Vlaams het [u] vir die [au] van Hollands:

hut (goud), ut (hout), stut (stout), kut (koud), mut (mout), zut (zout).

4.5.1.5 Suidelik-sentraal (Brabants)

Brabantse dialeksentra omvat onder andere Breda in Nederland, en Antwerpen, Brussel, Leuven en Mechelen in België. Belangrike kenmerke is die volgende.

'n Baie groter mate vanumlautsvorme as in die meer westelike dialekte; vgl. die volgende Zichemse vorme (Van Attenhoven 1955):

junk (jong)	jüngske (jongetje)
tung (tong)	tüngske (tongetje)
hant (hand)	hengke (handje)
bank	bengske (bankje)
blok	bleukske (blokje)
pot	peuteke (potje)

drüege (drogen), drüem (droom), gelüeve (geloven), müüx (moe), grüün (groen), züüke (zoeken), züüt (zoet).

Die oorgang van *o* na *eu* voor *r* (palatalisasie):

beureg (borg), deurep (dorp), keuref (korf), steurem (storm).

Die oorgang van eind-*w* na [f]:

iëf (eeuw), liëf (leeuw), ni:f (nieuw), sniëf (sneeuw), spriëf (spreeuw), sxriëf (schreeuw).

4.5.1.6 Noordelik-sentraal

Die noordelik-sentrale dialekte omvat *Hollands* (Amsterdam, Haarlem, Leiden, Den Haag en Delft) en *Utrechts*. Hierdie dialekte vorm die grondslag van sowel Afrikaans as Algemene Nederlands (Standaard-Nederlands of sg. Algemeen-Beskaafde Nederlands).

Hollands

Die eie aard van die Hollandse dialek kan beter begryp word deur dit met die suidwestelike (kortweg: Vlaamse) en suidelik-sentrale (Brabantse) dialekte te kontrasteer.

Teenoor die naamwoordelike drieklassistees van die suidelike dialekte, nl. manlik, vroulik en onsydig (soos in Hoogduits) word in Hollands twee naamwoordklasse onderskei: *de*-woorde en *het*-woorde. Die dialekte het almal 'n klas *onsydig*, bv. 't paard, 't brood, 't slot, maar Vlaams en Brabants onderskei tussen manlike en vroulike naamwoorde, waar Hollands 'n eenvormige *de*-klas het:

Hollands:

de boer	de bruid
de grote boer	de grote bruid
de aardige boer	de aardige bruid

Suidelik:

<i>Manlik</i>	<i>Vroulik</i>
den boer	de bruid
de groten boer	de grote bruid
den aardigen boer	de aardige bruid

In die suidelike dialekte word die onderwerpspronomen herhaal:

Hollands (en Alg. Ndl.)	Suidelik (Brabants)
Ik kom thuis	Ik kom <i>ekik</i> thuis
Jij komt thuis	Ge komt <i>gij</i> thuis
Ze komt thuis	Ze komt <i>zij</i> thuis
Hij wilt niet meegaan	Hij wilt <i>hij</i> niet meegaan
We moeten wachten	We moeten <i>wijle</i> wachten
Ze willen daar niet tussen komen	Ze willen <i>zijle</i> daar niet tussen komen.

Vergelyk verder Van Ginneken (1934) (met taalkaart).

Die enklitiese persoonlike voornaamwoord *je* (jy) (d.w.s. die voornaamwoord wat agteraan die werkwoord gevoeg word) gaan oor tot *-ie*, soos in Afrikaans en Hollands *dankie* uit *dank je*. In Weijnen (1966) verskyn 'n taalkaart hiervan. Dieselfde klankverandering het die verkleiningsagtervoegsel ook getref; vgl. Afrikaans en Hollands *bakkie*, *koppie* uit *bakje*, *kopje*.

In Hollands het sg. skerp-lang *ee* en *oo* in alle posisies met sg. saglang *ee* en *oo* saamgeval, terwyl hulle in die suidelike dialekte op verskillende maniere onderskei word. Skerp-lang *ee* het ontstaan uit Wes-Germaans **ai*:

**blaik-* > *bleek*, **dail-* > *deel*, **ain-* > *een*, **haim-* > *heem*.

Saglang *ee* is die resultaat van die rekking van o.a. kort **e*:

**besm-* > *bezem*, **brekan* > *breken*, **etan* > *eten*.

Skerp-lang *oo* kom uit Wes-Germaans **au* en saglang *oo* is die rekking van onder andere kort **o*:

**aug-* > *oog*, **baum-* > *boom*, **daub-* > *doof*; **koman* > *komen*, **opan* > *open*.

In Antwerps (Brabants) ondergaan skerp-lang *ee* en *oo* breking (waardeer 'n diftong met 'n schwa as afloop ontstaan, dus *i* + schwa, *u* + schwa) in *een* en *oog*. Die saglang vokale het daarenteen ontwikkel tot lang middelhoë vokale, dus *ee* en *oo*, in *breken* en *open*.

In Vlaams en Vlaams is daar 'n neiging om *r* te skrap voor 'n konsonant; vgl. Zichems (Brabants: Van Attenhoven 1955):

akoot (akkoord), boot (boord), weutel (wortel);

die dialek van Pervijze (Vlaams):

böstle (borsel), bôos (baars), vas (vars).

In die suide is die Ou Germaanse proses van vokaalverkorting voor 'n konsonantkluster (Eng. *sleep* – *slept*, *creep* – *crept*) baie goed bewaar. Die volgende voorbeelde kom uit die Vlaamse dialek van Pervijze:

Lang vokaal

slaapm (slapen)	slapt
maa'ng (maken)	makt
staake (stok)	
koopm (kopen)	kopt
roo'ng (roken)	rokt
boom	
spook	
stee'ng (steken)	steht
heevn (heffen)	heft
sleepm (slepen)	slept
stäärt (staart)	
pääre (peer)	

Kort vokaal

(hij) slaapt
slapkleät (slaapkleed)
maksle (maaksel)
staksje (stokje)
kobdag (koopdag)
bomce (boompje)
spoksje (spokse)
slepnet (sleepnet)
stärce (staartje)
pärce (peertje)

4.5.2 DIALEKTEKSTE

Die volgende tekste gee, ten spyte daarvan dat die ortografie die uitspraak nie konsekwent weergee nie, tog insig in die aard van die onderskeie dialekte.

4.5.2.1 Brabants (Antwerps)

De waar histore van Christoffel Clambambus den ontdekker van Amerkao (Nederlandsch Museum 1889: 349 e.v.)

“Kindere,” zeet den ouwen Arjaon de Zeilmaoker, assem (= as hy) saves bij Rik de Witte in de kroeg zit . . . ; “kindere, na wil ekik eulle (= nou wil ek julle) d'histore-n-is vertelle van den berumde zeevaoder Christoffel Clambambus, dien in vrugeren tijd Amerkao ontdekt heet. M'n oud grootvaor heet de zaak nog zelfs meej beleefd en heet as kajuitjunge up Christoffel Clambambus ze schup gediengd – si, daor kund' al van eiges aon zieng dat 'et 'n heel waar histore-n is.

Laot is zieng . . . 't was in 't jaor veertieng ongdert tweejen en negetich naor Christes geborte; daor leefde-en-er eene in Portugal, ne zeeman, dien heette Christoffel Clambambus, en da nen eerste kloeke keerel was, die meer kost (= wat meer kon doen) as zeebeschuit eten . . .

Na, up zekeren dag zeej Christoffel Clambambus teege ze moeder, da (= wat) 'n ouw wasgars was en veur de matrozen ook al hun pijakkers uitkletste, as ze sumwijlen al niks te wassen en (= nie) hat; 'moeder,' zeijen (= het hy gesê) zoo, 'ik mut ekik (herhaling van die vnw.: *ik* en *ekik* = *ek*) oe (= jou) is iet zegge: Ik laot me maor van me stuk brenge, maor daor mutte vast en zekers aon den andere kant van de weereld ook nog mense woone, en . . . diej wil ekik gaon ontdekke!”

4.5.2.2 Wes-Vlaams (Brugs)

Menheere de mone (Meneer die maan; Lootens 1977: 19 e.v.)

Der was e keer en soldoot, en je (= hy) kreeg zen *longé* (= verlof). En je gink zo verre, zo verre, toe dat hij noch huis noch stake (= stok) meer en zaeg. En os (= as) 't begost avend te worden, je kwaem an en speloenke.

Der stond dor en oukd iffrouw an de deure, en je vroeg (= hy het gevra): "Iffrouwe, zou'k hier van den nacht nie kunnen slapen?"

"Ba jo je (*ba* = uitroep, *ja* + *gy*), men vriend, zy mo (= wees maar) zo goed van binnen te kommen."

't Was winter en koukd, en de soldoot was moe; zo iffrouwe leeded' hem (= het hom gelei) in en kamer, wor dat er en groot vier brandde, en ze gaef hem hertelik t'eten en te drinken en en keesse (= kers) en en boek om in te lezen.

Os hij hertelik ge-eten en gedroenken hade, je begost in zen boek te lezen, en der kaem dor (= daar) e kleë mannetji vooren: "Meester, wa blief je?" (= wat wil u hê?)

"En beuze me gald," zei de soldoot.

Zo 't mannetji gink deure, en 't keered e letji dernoer weëre, (= het 'n rukkje daarna teruggekome) met en beuze me gald. De soldoot stak ze (= dit) in zen zak en je gink no ze bedde.

's Anderdags 's nuchtens os hij ge-eten en gedroenken hae (= het), je bedankted' iffrouwe, en iffrouwe zei: "Men vriend, moe je gij (herh. van vnw.) nog verre goon?" (= gaan)

"Ba ja'k, iffrouwe, 'k moen nog wal hoenderd duist (= duisend) uren verre goon."

"Os je gij nog zo verre moe goon, je zo (= sal) gij men broëre de Dagsterre, en men broëre de Mone, en men broëre de Zonne wal zien; en doet hunder de compementen van hunder zuster die en de speloenke weunt (= woon), en zegt dat 't nog olsan (= steeds) wal me me (= met my) goot."

De soldoot beloofde van 't te doene, en je kreeg nog en zak me gald, en je bedankted' iffrouwe, en je gink voort.

Zo os hij gheel den dag zo zeere, zo zeere gegoon hae, je kaemp (= het hy gekome) 's navens an en schoone stad. Je gink d-eeen stroot uit en d'ander stroot in, toe (= tot) dat hij an en hemelsblauwe poorte kwaem met zalver sterre derup geschilderd, en der stond er boven te lezen: "Hier weun menheere de Dagsterre."

De soldoot kloenk en 't meisse kaem voort.

"Is't hier da menheere de Dagsterre weunt?"

"Ja't."

"Zou 'k hem nie kunnen e kee spreken?"

"'k Zol 't e kee gon vragen." . . .

De soldoot kaem binnen, en os hij zen hoed ofgedoon hade, je zei: "Menheere de Dagsterre, j'het de compementen van je zuster die in de speloenke weunt, en ze loot (= laat) weten dat 't nog olsan wal met heur goot."

"Ha, ha, ha! Is ze dor nog e kee met heur compementen? 't Is effen

hoenderd duist joor (= jaar) da 'k nog e kee de compementen gneuen (= gehad het). We ie gij hier eten?"

"He, ba ja (menheere)." . . .

4.5.2.3 Noordwestelik (Zaans)

Oppet ais (Op het ijs; Boekenooen 1897: lxxiv e.v.; effens gewysig)

"Leggerezan, leggerezan (= meer 'n bietjie vas), kep heete mellek en kouwe Jan, kep koek en drank, goddank, kep reegeltjes (= koekies) so dik as teegeltjes," zo sting (= stond, het gestaan) Louw, dijn de winter nit feul te verdine hat, te skreeuwe bai zen marktent ob de Zaan (= 'n rivier), zo wet (= wat, naby) ob de Gortershoek op Sendaik (= Zaandijk). Hai hat em par ouwe gonjes (= goingsakke) loz etarnt (= getorring), dijan twee stukke espaikert en soo in 't aiz ezet om en louwersi (= skermplie) te hewwe teuge 't skarrepe oostewintje. Deerzoo stingi mittet rooje komvoor miffuur (= met vuur) en en gladde kopere koffipot mit mellek erop. En slees (= slee) beleege mit plankis deer sting op em blaetje mit koppiez em bakkis, twee kraffe: ien mit janaiz en ien mid brandewain, ok en glasi ov drie, en trommel mit koek, en smakbort mit drie dobbelstiene, waar je mee gooje konne driemaal voor en stoiver . . .

Klaine Guurt, die der verbai reet mitter (= met haar) broer Jan, zai (= zei, het gesê): "Wet (= wat) betekent dat tog, Jan? Diejouwe Louw roept allan maar: "Kep heete mellek en kouwe Jan." Heete mellek, dat begraip ik, maar kouwe Jan, wet is dat toch?" "Nou mait, weetje dat niet? Das koek, zoo as kankorste, dikkertjes, reegeltjes, of Skager moppe, en meuchelek wel brandewain en janais, want diejiz niet heet." "Zoo," zai Guurt, "iz dat kouwe Jan? Maar kaik deer es, deer komt Traintjeboer an mit Keez de olieslager. Zou da fraister en vraajer (= nooi en kêrel) weeze? Hai trekter teminste, maar dat beurt (= gebeur) wel meer dat en jonge en mait trekt. Kaik, ze gane bai Louw an. Zeeker om en koppi mellek. Me (= ons) zelle ders (= daar eens) loistere."

VRAE

1. Wat is die vorm van die voltooidde deelwoord?
2. Watter assimilasiëproses (sandhiverskynsel) kom in die teks voor?
3. Watter proses het die diftong [ei] ondergaan?
4. In watter opsigte kom hierdie dialek ooreen met Afrikaans?

4.5.3 AFRIKAANS, STANDAARD-NEDERLANDS EN HOLLANDS

Teen die 17de eeu het die Hollandse noorde die middelpunt geword van die Nederlandse taalgemeenskap as gevolg van die opgang van Amsterdam, die hoofstad van die destydse wêreld. Nederland beleef sy Goue Eeu van ongekende

welvaart en kulturele bloei. Die bydrae van skrywers soos Vondel, Hooft, Cats, Huygens maak van die 17de eeu 'n hoogtepunt in die Nederlandse letterkunde. In hierdie tyd het die Statebybel tot stand gekom, wat 'n lewenslank, ook hier te lande, gebruik is, en is die beslag gelê van wat sedert die einde van die 17de eeu tot Standaard-Nederlands ontwikkel het.

Standaard-Nederlands het weens die politieke, ekonomiese en kulturele oorgang van Holland in die 17de eeu 'n sterk Hollandse inslag, maar dit is terselfdertyd 'n besonder sterk gekultiveerde taalvorm wat sterk van die Hollandse omgangstaal van die gewone man – en dus ook van Afrikaans – verskil. Skryftaalinvloed op Standaard-Nederlands sluit die volgende in:

In die sentrale dialekte, waaronder Hollands, het intervokaliëse *d* verswak en ook weggeval: *brade* > *braje* (braai), *goede* > *goeje* (goeie), *bodem* > *boom*, *vader* > *vaar*, terwyl die ou skryfvoorme met die *d* in Standaard-Nederlands bewaar gebly het: *braden*, *goede*, *bodem* en *vader*.

Die hulpwerkwoord van tyd – *hebben* en *heeft* in die voorbeelde hier onder – word onder bepaalde omstandighede in Standaard-Nederlands voor die hoofwerkwoord geplaas:

Zij zal dat *hebben* gedaan
. . . of zij dat *heeft* gedaan.

In die omgangstaal staan hierdie werkwoord by voorkeur na die hoofw.:

Zij zal dat gedaan *hebben*
. . . of zij dat gedaan *heeft*.

Vergelyk verder Raidt (1976: 47 e.v.) en Scholtz (1981).

Vir die ontwikkeling van ons taal is dit nie in die eerste plek die gekultiveerde 17de-eeuse en beskaafde Nederlands wat van belang is nie, dog die Hollandse omgangstaal van daardie tyd: 'n Hollandsgekleurde taalvorm, in die besonder 'n bepaalde vorm van Amsterdams, is die basisdialek van Afrikaans. Die volgende is almal tekens van die Hollandse inslag van die Afrikaans van die 17de en 18de eeu (Raidt 1974, Scholtz 1980: 49–55):

die apokopee van *t*: Afr. *kas* en *lig* (teenoor Standaard-Nederlands *kast* en *licht*);

metatesis in *persent* (present), *kerdiet* (krediet), *pelsier* (plesier) en *kompliment* (kompliment);

sk- in *skaap* en *skroef* (teenoor *sx-* in *schaap* en *schroef* in Standaard-Nederlands).

Vergelyk die volgende voorbeeld van 17de-eeuse Amsterdams:

Dooft me al 't vuur uit zoo hebben ze gien spreken,
Of ik zelve zelve met de kop in de doofpot steeken.
Komt 'er iemand om water, zoo roept met 'er veegh,
We meugen niet missen, onze bak is leegh,
Roept het de lui deur de veinster, zoo krijght men geen sluiper.
Komt 'er ien om een emmer, z' is tot de kuiper,
Om een dreg, om een puthaak, of ander leur,

'K hebze op straet vergeten, de dieven zijnder me deur.
Want by gap doot, hoe schoon datze praten,
As ik uit bick al ik niemand in hebben elaten:
Jae al quam 't geluk zelve, ik waarschouwe, ziet
Je meugt 'er op passen, doet geen deur open niet,
Of je zelt me te byster schrikkelijk vertoornen.

(Hoof: *Warenar*, reël 139–151)

Hierdie passasie bevat *Warenar* se opdragte aan die diensmeisie Reym, wat kortliks daarop neerkom dat sy in sy afwesigheid vir niemand moet oopmaak of iets moet leen nie.

Reël 3: *met 'er veegh*: dadelik

Reël 4: "Ons kan niks afstaan nie."

Reël 6: "As iemand 'n emmer kom leen, die emmer is by die kuiper (om herstel te word)."

Reël 9: *by gans doot*: 'n swets; *gans* = "God se".

Let op die volgende: *gien* en *ien* vir *geen* en *een*; *zel* (zal); *meugen* (mogen); *elaten* (gelaten). Sewentiende-eeuse Amsterdams het 'n noordwestelike inslag gehad, wat gesien kan word aan die verhoging van *ee* tot *ie* in *gien* en *ien* en die prefiks van die voltooidede deelwoord in *elaten*: *e-* vir Standaard-Nederlands en Afrikaans se *ge-*. Vergelyk verder hfst. 4 en die Zaanse teks wat bo behandel word.

Aantekeninge

1. Afrikaans *maagd* kom uit Standaard-Nederlands, wat die vorm het uit Binnenederland.
2. "De Nederlandse, Duitse en Deense kustgebieden langs de Noordzee vormden een wereld op zichzelf, welke tot een Noordzeegebied uitgroeide, toen zeeroovers uit het Beneden-Elbe-gebied zich van Britannië wisten meester te maken. Dit laatste, hierdoor aan de Middellandse Zee-cultuur onttrokken, werd het culturele centrum van deze afgescheiden wereld in het Noorden." (Slicher van Bath 1949: 410).
3. "In its prime, the fifty years or so from 780 to 834, Dorestad was reputedly the largest trading centre in Northern Europe." (Brøndsted 1965: 46). Die mag van die Friese is uiteindelik geknak deur die Wikingers (wat Dorestad verwoes het) en die lewenskragtige Frankiese Ryk in die suide.
4. "De *oe*, die eens aan alle sprekers van ons taalgebied eigen was, is het eerst bij de bewoners van de tegenwoordige Zuidelijke Nederlanden (met uitzondering vooral van West-Vlaanderen) overgegaan in *uu*. Vermoedelijk geschiedde de overgang het eerst in het tweetalige Frankrijk, onder invloed van de Romaanse bevolking, bij wie dezelfde overgang plaats had gehad (b.v. lt. *mûrus*: fr. *mür*). Toen de Franken die aanvankelijk bij hun oprukken naar het zuiden het westen van ons land slechts oppervlakkig onderworpen hadden, onder Karel Martel dit gebied, waar tot dusver *oe*-sprekende Ingvaconse stammen woonden, koloniseerden, schoof een bovenlaag van Frankische *uu*-sprekers over de *oe*-sprekers heen, die allens de invloed hiervan ondergingen: de Ingvaconen werden gefrankoniseerd. In deze tijd heerste dus in het gehele Zuiden de *uu*-uitspraak; terwijl die in 't noorden in Zeeland en Holland ging overheersen om ten slotte – grotendeel nog vóór onze oudste overlevering – de *oe* te verdringen." (Schönfeld 1970: par. 72).

5. Die oorgang na /xt/ staan nie onder die invloed van Frans nie, maar Frings (1961) beweer dat hierdie Frankiese verskynsel onder Keltiese invloed staan en hy gee Keltiese voorbeelde soos die volgende ter staving: *seft > secht (sewe) en *neft > necht (verwant N). Bes moontlik kan ook heelparty van die ander Frankiese verskynsels, soos o.a. die verandering van /u/ in /y/, (via Gallo-Romaanse invloed) op Kelties teruggevoer word. Die gedeelte van Middel-Europa waar die Franke dialekte gepraat is/word, was vroeër die Keltiese hartland.
6. Sedert die 17de eeu is Afrikaans diep beïnvloed deur twee van sy Germaanse sustertale, naamlik Standaard-Nederlands en Engels. In die bespreking van die Germaanse agtergrond van Afrikaans word hierdie invloed daargelaat.
7. In Engels is die V2-beginsel geherinterpreteer as 'n SVX-beginsel (onderwerp-eerste-beginsel). Die AVX-plasing (aanloop-eerste-plasing) is in Engels grotendeels opgeruim en kom alleen beperk voor in sinne soos: *Never did he falter; In came she.*
8. Dit is hoogs twyfelagtig of Gemeengermaans (of die hedendaagse Germaanse tale met XV-plasing) dominante XV-plasing (gehad) het, soos wat Smith (1971: 297) en Ramat (1981: hfst. 7) beweer. In hierdie tale word die werkwoord nie altyd aan die klouseinde geplaas nie. Dit ontbreek hulle ook aan preverbale relevering, 'n tipiese XV-verskynsel: in XV-tale, soos Japannees en Turks, is daar 'n releveringsverskynsel waardeur die gereleveerde element reg voor die werkwoord geplaas word. Meer hieroor in afd. 4.1.2.2 van hfst 1.

Literatuur

- Antonsen, E. H. 1975. *A concise grammar of the older Runic inscriptions*. Tübingen: Niemeyer.
- Bach, A. 1970.⁹ *Geschichte der deutschen Sprache*. Heidelberg: Quelle und Meyer.
- Barnes, A. S. V. 1950. *'n Frekwensielys in Afrikaans*. Proefskrif, Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.
- Boekenoogen, G. J. 1897. *De Zaanse volkstaal*. Leiden: Sijthoff.
- Boshoff, S. P. E. 1921. *Volk en taal van Suid-Afrika*. Kaapstad: De Bussy.
- Bourciez, E. en J. Bourciez. 1967. *Phonétique française*. Paris: Klincksieck.
- Brøndsted, J. 1965. *The Vikings*. Harmondsworth: Penguin.
- Campbell, A. 1959. *Old English grammar*. Oxford: University Press.
- Caron, W. J. H. 1963. "Het taalspel van de probatio pennae." *Tijdschrift voor Nederlandse taal en letterkunde* 79: 253-270.
- Conradie, C. J. 1986. *Taalgeskiedenis*. Pretoria: Academica.
- De Villiers, M. 1978. *Nederlands en Afrikaans*. Kaapstad: Nasou.
- De Vooy, C. G. N. 1946. Duitse invloed op de Nederlandsche woordvoorraad. *Verhandelingen van de Koninklijke Akademie van Wetenschappen, afd. lett.*
- De Vooy, C. G. N. 1970.² *Geskiedenis van de Nederlandse taal*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- De Vries J. 1971. *Nederlands etymologisch woordenboek*. Bewerk deur F. de Tollenaere. Leiden: Brill.
- Fourquet, J. 1938. *L'ordre des éléments de la phrase en germanique ancien*. Strassbourg: Belles Lettres.
- Franck, J. 1910.² *Mittelniederländische Grammatik*. Leipzig: Tauchnitz.
- Franck, J. 1971.² *Altfränkische Grammatik*. Tweede uitgawe bewerk deur Rudolf Schützeichel. Göttingen: Van den Hoeck und Ruprecht.
- Franck, J. et al. 1936.² *Etymologisch woordenboek der Nederlandsche taal*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Frings, T. 1961. "Flämisch kachtel "Füllen", Lateinisch capitale." PBB 82, Sonderband, 362-393.
- Goossens, J. 1977.² *Inleiding tot de Nederlandse dialectologie*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Greenberg, J. H. 1966. "Some universals of grammar with special reference to the order of meaningful elements." Greenberg, J. H. (red.). *Universals of language*, 73-113. Cambridge, Mass: MIT Press.
- Gysseling, M. 1980. *Corpus van Middelnederlandse geschriften (tot en met het jaar 1300)*. Reeks II: *Litteraire handschriften. Deel I, Fragmenten*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.

- Karsten, T. E. 1928. *Die Germanen*. Berlin: De Gruyter.
- Kloeker, G. G. 1950. *Herkomst en groei van het Afrikaans*. Leiden: Universitaire Pers.
- Kluge, F. 1925.² *Deutsche Sprachgeschichte*. Heidelberg: Quelle und Meyer.
- Krahe, H. en W. Meid. 1969. *Germanische Sprachwissenschaft I. Lautlehre*. Berlin: De Gruyter.
- Krause, W. 1971. *Die Sprache der urnordischen Runeninschriften*. Heidelberg: Winter.
- Kufner, H. 1972. "The grouping and separation of the Germanic languages." In van Coetsem, F. en H. Kufner (reds.). *Towards a grammar of Proto-Germanic*, 71-97. Tübingen: Niemeyer.
- Lecoutere, C. P. F. en L. Grootaers. 1959.⁶ *Inleiding tot de taalkunde en tot de geschiedenis van het Nederlands*. Groningen: Wolters.
- Lehmann, W. P. 1973.² *Historical linguistics. An introduction*. New York: Holt.
- Lehmann, W. P. 1985. "Indogermanisch - Germanisch - Deutsch: Genealogische Einordnung und Vorgeschichte des Deutschen." Besch, W. et al. (reds.). *Sprachgeschichte. Ein Handbuch zur Geschichte der deutschen Sprache und ihrer Erforschung. Zweiter Halbband*, 949-962. Berlin: De Gruyter.
- Lootens, A. 1939. *Oude kindervertelsels in den Brugschen tongval*. Brugge: De Reyghere.
- Mansion, J. 1924. *Oud-Gentsche naamkunde*. 's-Gravenhage: M. Nijhoff.
- Markey, T. L. 1976. *Germanic dialect grouping and the position of Ingvaenic*. Innsbruck: Universiteit van Innsbruck.
- Petri, F. 1973. *Siedlung, Sprache und Bevölkerungsstruktur im Frankenreich*. Darmstadt: Wissenschaftliche Buchgesellschaft.
- Raidt, E. H. 1974. "Nederlandse en Kaapse spreektaal in die 17de en 18de eeu." Odendal, F. F. et al. (reds.). *Taalkunde - 'n lewe. Feesbundel W. Kempen*, 90-104. Kaapstad: Tafelberg.
- Raidt, E. H. 1975. "Die herkoms van objekskonstruksies met vir." *1875-1975. Studies oor die Afrikaanse taal*, 72-101. Johannesburg: Perskor.
- Raidt, E. H. 1976. *Afrikaans en sy Europese verlede*. Kaapstad: Nasou.
- Raidt, E. H. 1981. "Oor die herkoms van die Afrikaanse reduplikasie." Coetzee, A. J. (red.). *Hulsels van kristal*, 178-189. Kaapstad: Tafelberg.
- Ramat, P. 1981. *Einführung in das Germanische. Linguistische Arbeiten*, 95. Tübingen: Niemeyer.
- Scholtz, J. du P. 1980. *Wording en ontwikkeling van Afrikaans*. Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, J. du P. 1981. "Inleidende hoofstuk tot 'n beplande geskiedenis van Afrikaans." *Standpunte* 155: 28-41.
- Schönfeld, A. 1970.⁸ *Schönfeld's historische grammatica van het Nederlands*. Verzorgd door A. van Loey. Zutphen: Thieme.
- Slicher van Bath, B. H. 1949. "Het oostelijk deel van Noord-Nederland van de vijfde tot de tiende eeuw." J. J. A. van Houtte et al. (reds.). *Algemene geschiedenis der Nederlanden I*, 407-418.
- Smith, J. R. 1971. *Word order in the older Germanic dialects*. Ph.D.-thesis, University of Illinois. Ann Arbor: University Microfilms, Nr. 71-121, 234.
- Te Winkel, J. 1901.² *Geskiedenis der Nederlandsche taal*. Vertaald door F. C. Wieder. Culemborg: Blom en Oliviere.
- Van Attenhoven, Rik. 1955. *Klank- en vormleer van het Zichems dialect*. Ongepubliceerde lisensiaatsverhandeling, Katolieke Universiteit Leuven.
- Van Bree, C. 1977. *Leerboek van de historische grammatica van het Nederlands*. Groningen: Wolters-Noordhoff.
- Van Ginneken, J. 1934. "De geschiedenis der drie geslachten in Nederland." *Onze Taaltuin* 3: 33-42.
- Verdam, J. 1923.⁴ *Uit de geschiedenis der Nederlandsche taal*. Herzien door F. A. Stoett. Zutphen: Thieme.
- Verschaeve, A. 1948/'49. *Het dialect van Pervijze. Proeve van een klank- en vormleer*. Handskrif, Instituut voor Dialectologie, Katolieke Universiteit Leuven.
- Von Friesen, O. 1918. "Runenschrift." In Hoops, J. (red.). 1918/'19. *Reallexikon der germanischen Altertumskunde*, 5-51. Strassburg: Trübner.
- Von Kienle, R. 1969.² *Historische Laut- und Formenlehre des Deutschen*. Tübingen: Niemeyer.
- Weijnen, A. 1966.² *Nederlandse dialectkunde. Studia Theodisca* 6. Assen: Van Gorcum en Prakke.